# Koringberg-naweek 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Verskeie | **DATUM:** | 25-27 Aug 2023 |

**KOMMENTAAR**

Altesaam 18 mense het die Vrydagmiddag by Die Ark Backpackers op die plaas Hooggeleë so 7 km noord van Moorreesburg bymekaar gekom (afdraai by Desert Rose-padstal). Dit was ons basis vir die Koringberg-naweek wat deur Esther Warnich, Helen Kriel en Magda Kritzinger gereël is. Ons slaapplek was drie 'dormitory'-styl kamers wat eens op 'n tyd melkstalle was, en ons kuierplek was 'n groot nuwe kombuis met 'n ingeboude braai en sitplek vir ons almal. Ons begin die Vrydagaand met 'n braai en lekker gesels. 'n Klompie ernstige rugbykykers het so staan-staan op Werner se selfoon rugby gekyk (ons het darem gewen). Saterdagoggend vroeg vertrek ons na die Retreat Guest Farm bo-op die berg by Piketberg waar ons eers die plaasmark besoek. Die mark is elke laaste Saterdag van die maand oop (kyk by Piket-Bo-Berg Farmers Market op Facebook). Hier het ons heerlike roosterkoek, pannekoek, koffie en soetgoed geëet en allerhande ingelegde souse en konfyte gekoop. Daarna pak ons 'n pragtige sirkelroete van so 10 km aan terwyl dit liggies reën. Wat die roete besonders gemaak het, is al die geure van die boegoe en ander bossies. Ons het by die omdraaipunt op 'n koppie iets geëet voor ons die terugtog aangepak het. Ons toer toe terug via die Org de Rac-wynplaas (waar party van ons wyn geproe en oesters geëet het) en Nieuwedrift buite Piketberg (waar party van ons wyn geproe en pizzas geëet het). Ons braai weer die aand. Sondagoggend pak ons die Koringbergkoppies aan – 'n goeie 14 km wat in Koringberg self begin weer by Die Ark eindig. Daar is 'n paar stewige bulte, maar die blomme en die uitsigte maak dit die moeite werd. Terug by Die Ark pak ons op, groet, en vat die pad terug Kaap toe. Ons sê 'n GROOT dankie aan veral Esther en Helen. Ons sou dit nie sonder jul inisiatief, plaaslike kennis, uitvindwerk en kontakte kon doen nie. Klimhoogte: 400 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2023045 | R 10 | 24 | |
| Werner Booyens | 2023072 | R 10 | 24 | |
| Rene Hodgon | 2023084 | R 10 | 24 | |
| Gerna Hough | 2023131 | R 10 | 24 | |
| Hannah Jacobs | 2023140 | R 10 | 24 | |
| Madeleine Krause | 2023038 | R 10 | 24 | |
| Michelle Krause | 2023142 | R 10 | 24 | |
| Wynand Krause | 2023039 | R 10 | 24 | |
| Helen Kriel | 2023083 | R 10 | 24 | |
| Miranda Myburgh | 2023092 | R 10 | 24 | |
| Sinmarie Pieterse | 2023082 | R 10 | 24 | |
| Freddie Pohl | 2023090 | R 10 | 24 | |
| Susan Pohl | 2023091 | R 10 | 24 | |
| Brenda Sideratos | 2023071 | R 10 | 24 | |
| Lizette van der Merwe | 2023130 | R 10 | 24 | |
| Alana van Rensburg | 2023075 | R 10 | 24 | |
| Carine van Zyl | 2023155 | R 10 | 24 | |
| Elvin van Zyl | 2023156 | R 10 | 24 | |
| Esther Warnich | 2023122 | R 10 | 24 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 190** | **456** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Amanda |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |